

SONDAG: 52

VRAAG EN ANTWOORD: 128

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Hoe sluit jy jou gebed af?			
<p>Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee</p>	1	1 Kronieke 29:10-12	<p>Dawid het 'n lofprijsing aan die Here in teenwoordigheid van die hele vergadering uitgespreek. Sy woorde was: "Geloof sy U, Here, God van ons voorvader Israel, van ewigheid tot ewigheid. Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verheer. Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak.</p>
		Romeine 10:11-13	<p>Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie." "Niemand nie!" Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.</p>
		2 Petrus 2:9	<p>Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;</p>
<p>sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word.</p>	2	Psalm 115:1	<p>Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys.</p>
		Jeremia 33:8-9	<p>Ek sal hulle reinig van al die sondes waarmee hulle teen My oortree het, en in opstand gekom het. Dit sal my Naam groot maak en aan My blydskap verskaf, aan My lof en eer gee voor al die nasies van die aarde wanneer hulle hoor van al die goeie wat Ek vir my volk gedoen het. Die nasies sal bang wees en My dien oor al die goeie wat Ek doen en oor die vrede wat Ek vir Jerusalem gee.</p>

	Johannes 14:13	En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.	Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.
--	----------------	---	--